

Liewe Lid

Met herfs reeds hier, het ek daaraan gedink hoe maklik ons aanpas van die een seisoen na die volgende.

In die aftreefondsbetree ons beslis 'n tydperk van vele veranderinge. Ek glo dat die meerderheid van die veranderinge tot voordeel van die meeste lede van aftreefondse sal wees. Die nuusbriewe en plakate in 2014 sal die veranderinge wat 'n impak op lede van die Verso Sambreel Aftreefondse het, bespreek.

In hierdie uitgawe sal ons spesifiek op die verskille tussen 'n pensioenfonds en 'n voorsorgfonds fokus, asook die veranderinge wat vanaf 1 Maart 2015 van krag sal wees. Lede word aangemoedig om hierdie artikel te lees en dan vrae aan jou werkgewer te rig indien jy enige bykomende inligting verlang.

Na aanleiding van die Minister van Finansies se Begrotingsrede is die belasting op aftreefondse gewysig. Ons sluit 'n tabel oor die jongste belasting op enkelbedrag uitbetalings hierby in. Dié inligting is ook op die Fonds se webwerf beskikbaar.

Ons het besef dat een van die doeltreffendste maniere om met lede te kommunikeer is deur hul selfone. In die toekoms wil ons graag van SMS-dienste gebruik maak om lede van die nutste of belangrikste inligting in te lig. Wees op die uitkyk vir ons nuwe kompetisie wat lede aanmoedig om hul selfoonnommers aan die Fonds te stuur.

Twee van die Fonds se onafhanklike trusteelede se dienstermyne het op 28 Februarie 2014 verstryk. Die Raad het besluit om die onafhanklike trusteelede weer vanaf 1 Maart 2014 aan te stel. Advokaat Franken is as borgtrustee aangestel. 'n Voorsitter sal by die Raad van Trusteese se vergadering op 17 April 2014 verkies word. Ons sal die uitslae van die verkiesing in ons volgende nuusbrieff bekend maak. Besoek gerus die Fonds se webtuiste by www.vurf.co.za vir die jongste Fonds- en industrienuus. Dit is belangrik dat lede op hoogte bly van die jongste ontwikkelinge wat hul aftrede in die toekoms raak.

Ek vertrou dat jy die inligting insiggewend sal vind.

Brenda Krummeck
Hoofbeampte



BELASTING OP AFTREEFONDSVOORDELE

As die lidbelang of deel daarvan in kontant geneem word wanneer 'n lid die Fonds verlaat (as gevolg van sterfte, bedanking, herstrukturering of aftrede), is belasting betaalbaar volgens die volgende tabelle:

Die volgende belastingtabel is van toepassing op uittrede (bedanking/afdanke)

Belasbare enkelbedrag (R)	Belastingkoers
0 - 25 000	0%
25 001 – 660 000	18% van bedrag wat R25 000 oorskry
660 001 – 990 000	R114 300 + 27% van bedrag wat R660 000 oorskry
990 001 – en hoër	R203 400 + 36% van bedrag wat R990 000 oorskry

Die volgende belastingtabel is van toepassing vir herstrukturering, aftrede en afsterwe

Belasbare enkelbedrag (R)	Belastingkoers
0 - 500 000	0%
500 001 – 700 000	18% van bedrag wat R500 000 oorskry
700 001 – 1 050 000	R36 000 + 27% van bedrag wat R700 000 oorskry
1 050 001 - en hoër	R130 500 + 36% van bedrag wat R1 050 000 oorskry

Die deel wat belastingvry is, is 'n eenmalige toegewing en sluit enkelbedrae wat voorheen belastingvry ontvang is weens aftrede en/of herstrukturering in.

Jy kan meer inligting bekom deur die VURF webwerf (www.vurf.co.za) by "Members/Member Communication" te besoek.

DIE JONGSTE VERANDERINGE IN WETGEWING – HOE RAAK DIT JOU?

Effektiewe Datum: 1 Maart 2015

Ten einde aftreesparings te verbeter en om 'n inkomste (pensioen) te verseker wanneer iemand aftree, het die regering sekere veranderinge aan die wet aangebring om die huidige bepalinge meer effektief te maak.

(Die Belastingwysigingswet Nr. 31 van 2013 het die belasting op bydraes gewysig en het die struktuur van pensioen-, voorsorg- sowel as uitree-annuiteitsfondse met mekaar in lyn gebring).

Indien jy 'n lid van 'n voorsorgfonds is, sal hierdie wysiging 'n invloed hê op hoe jy jou lidbelang benut as jy ná 1 Maart 2015 aftree.

Huidige stand van sake:

Pensioenfonds: Wanneer jy **aftree**, mag nie meer as 1/3 van jou lidbelang as 'n enkelbedrag uitbetaal word nie. Indien jou lidbelang egter R75 000 of minder beloop, kan die volle bedrag in kontant geneem word.

Voorsorgfonds: Wanneer jy **aftree**, kan jy kies om die volle lidbelang in kontant te neem, of 'n pensioen daarmee aan te koop.

Nuwe stand van sake (vanaf 1 Maart 2015):

Pensioenfonds: Wanneer jy **aftree**, mag nie meer as 1/3 van jou lidbelang as 'n enkelbedrag uitbetaal word nie. Indien jou lidbelang egter R150 000 of minder beloop, kan die volle bedrag in kontant uitbetaal word.

Voorsorgfonds: Wanneer jy **aftree**, mag nie meer as 1/3 van jou lidbelang as 'n enkelbedrag uitbetaal word nie. Indien jou lidbelang egter R150 000 of minder beloop, kan die volle bedrag in kontant uitbetaal word.

Ten einde jou gevestigde regte (die waarde van jou voorsorgfondsvoordeel tot en met 1 Maart 2015) te beskerm, is net die bydraes ná 1 Maart 2015 aan hierdie veranderinge onderhewig. Jy kan steeds al jou opgehoopde aftreespaargeld plus groei vóór 1 Maart 2015 as 'n enkelbedrag by aftrede neem.

Belangrik – indien jy reeds 55 jaar en ouer is op 1 Maart 2015, is jy nie aan die veranderinge onderhewig nie en jou totale lidbelang kan as 'n enkelbedrag by aftrede geneem word.

vervolg op agterblad



AFTREEHERVORMING – 1 MAART HOE RAAK DIT JOU AFTREEVOORDEEL?

Lees die volledige artikel in hierdie nuusbrieff.



Vir verdere beleggingsnuus besoek www.vurf.co.za

VERSO
Umbrella Retirement Funds

GONSWOORD VIR MAART

PENSIOENFONDS:

'n Fonds waartoe werknemers EN werkgewers bydra, waaruit 'n maksimum van een derde in kontant by aftrede geneem kan word en die balans aangewend moet word om 'n pensioen (maandelikse inkomste) mee te verseker of aan te koop.

UMBUTHO:

UMbutho ufumene umnikelo weLungu KUNYE nomqheshi, isixa-mali esiyikota singafumaneka kuze eshiyekileyo zesi setyenziswe ukuthenga ipenshini uze uyifumane qho nge nyanga.

vervolg van voorblad

Die stand van sake vanaf 1 Maart 2015 vir die uitbetaling van voordele uit voorsorgfondse

	Opgehoop vóór 1 Maart 2015	Opgehoop ná 1 Maart 2015
Aftrede: Lid jonger as 55 jaar op 1 Maart 2015	Voordeel plus groei kan as enkelbedrag geneem word.	Lid is verplig om met ten minste 2/3 van die voordeel 'n pensioen aan te koop. Tot en met 1/3 van die voordeel kan as enkelbedrag geneem word. As die bedrag minder of gelykstaande aan R150 000 is, kan die lid die volle voordeel as 'n enkelbedrag neem.
Aftrede: Lid ouer as 55 jaar op 1 Maart 2015	Totale voordeel kan by aftrede as 'n enkelbedrag geneem word.	Die totale voordeel uit bydraes tot dieselfde aftreefondse soos op 1 Maart 2015, kan by aftrede as 'n enkelbedrag geneem word.

HOE HET JOU FONDS PRESTEER?

Verso Sambreel Aftreefondse Raad : Prestasieportefeulje

Portefeuljes	Februarie 2014	3 maande	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Investment Solutions Performer	2.10%	4.50%	22.03%	18.45%	20.56%
<i>Maatstaf</i>	1.77%	3.91%	19.69%	17.36%	20.13%
Investment Solutions Spectrum	1.77%	4.12%	20.01%	17.23%	20.00%
<i>Maatstaf</i>	1.77%	4.06%	20.09%	17.41%	19.87%
Verso MET Balanced Growth	1.68%	4.25%	18.71%	14.11%	17.99%
Momentum MoM Target Factor 4	1.98%	3.18%	9.84%	n/a	n/a
<i>Maatstaf CPI+4%</i>	0.97%	2.00%	9.78%	9.80%	9.44%
Verso MET Secure Growth	1.30%	2.97%	13.42%	11.96%	13.16%
<i>Maatstaf CPI+3%</i>	0.89%	1.77%	8.78%	8.80%	8.44%
Sanlam Monthly Bonus	1.60%	4.48%	16.83%	12.31%	10.46%
Verso MET Money Market	0.44%	1.34%	5.53%	5.76%	6.67%

- NOTAS:
1. Alle opbrengste is tydsgeweeg en word bruto van beleggingsbestuursfooe gekwoteer.
 2. Die Sanlam Maandelikse Bonusfonds se bonusse is netto van waarborg en bruto van beleggingsbestuursfooe.
 3. Beleggingsopbrengste vir periodes langer as 12 maande word as 'n opbrengste per jaar aangedui.
 4. Ons het sorg aan die dag gelê om te verseker dat die inligting in hierdie opsomming korrek is. Die opsomming is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie vir enige verlies of skade as gevolg van enige onakkuraatheide aanspreeklik gehou word nie.
 5. Verso Multi-bestuurder fondse word deur CISCA gereguleer en dus moet alle opbrengste netto van fooe gepubliseer word. Die bruto opbrengste wat Verso Multi-bestuurder vir hierdie opsomming voorsien het, is 'n geskatte berekening en nie die werklike bruto opbrengste nie.

STUUR VIR ONS JOU SELFOONNUMMER EN WEN!

Die Raad van Trusteese van die Verso Sambreel Aftreefondse het vasgestel dat kommunikasie met kort selfoonboodskappe (SMS) baie doeltreffend is. Ons benodig jou nommer om met jou in verbinding te tree. Dis die maklikste kompetisie nog! Stuur eenvoudig jou selfoonnommer vir ons en jy kan een van die gelukkige prysweners wees. Die volgende kontantpryse is op die spel:

- 1ste prys: R1500**
- 2de prys: R1000**
- 3de prys: R500**

Jou selfoonnommer sowel as ID nommer moet via jou werkgewer aan ons gestuur word voor of op 30 Mei 2014.



RAAD VAN TRUSTEES:

Me W Parker (Onafhanklike Trustee en Voorsitter), Mnr S Kennard (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Rossouw (Onafhanklike Trustee), Adv C Franken (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Breytenbach (Verso-aangestelde Trustee), Mnr E Thomson (Verso-aangestelde Trustee), Me Brenda Krummeck (Hoofbeampste)

VRYWARING:

Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is. Die nuusbrieff is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.

Hoekom is hierdie veranderinge aan voorsorgfondse gemaak? In 'n pensioenfondse ontvang lede 'n maandelikse pensioen tot en met afsterwe. Die meerderheid van hierdie pensioenarisse behoort nie op die Regering staat te maak vir 'n maandelikse pensioen nie. In die verlede het ons gesien dat lede van voorsorgfondse geneig is om al hul aftreegeld binne 'n kort rukkie op te gebruik, waarna hulle dan die Regering nader vir finansiële hulp vir hul oudag.

Kom ons kyk na voorbeelde waar 3 lede op verskillende ouderdomme aftree en hoe hul aftreevoordele aan hul uitbetaal sal word voor en na 1 Maart 2015:

JAYBEE

Aftreevoordeel – R450 000 wat saamgestel is uit:

Opgehoopde Lidbelang voor 1 Maart 2015 - R270 000 (Voorsorgfondse - Enkelbedrag)



Opgehoopde Lidbelang na 1 Maart 2015 - R180 000 (Pensioenfondse - Ten minste 2/3 moet gebruik word om 'n pensioen aan te koop)

SUNBEE

Aftreevoordeel – R100 000 saamgestel uit:

Opgehoopde Lidbelang voor 1 Maart 2015 - R60 000 (Voorsorgfondse - Enkelbedrag)



Opgehoopde Lidbelang na 1 Maart 2015 = R40 000 (Pensioenfondse)

Aangesien die opgehoopde Lidbelang minder as R150 000 is, kan die totale lidbelang as 'n enkelbedrag geneem word.

FEEBEE

(56 jaar oud op 1 Maart 2015) Aftreevoordeel – R450 000 wat saamgestel is uit:

Opgehoopde Lidbelang op 1 Maart 2015 - R300 000 (Voorsorgfondse - Enkelbedrag)



Opgehoopde Lidbelang na 1 Maart 2015 = R150 000 (*Voorsorgfondse)

*Aangesien Feebee ouer as 55 jaar is op 1 Maart 2015, word sy nie deur die verandering in wetgewing geraak nie en kan sy haar totale lidbelang van R450 000 as 'n enkelbedrag neem wanneer sy die Fonds verlaat.

ONTHOU: Die voordeel by aftrede word steeds in totaal aan jou uitbetaal; dit is net die manier waarop dit met aftrede aan jou uitbetaal word, wat verskil. Indien jy 'n pensioenfondslid is, bly die betaling van aftreevoordele steeds dieselfde.